e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

24 Februarie 2011
Jaargang 4 – Uitgawe 4

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensies
- Agterblad
- Aanhangsel

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@hnk.co.za**

VOORBLAD

Vernuwing en verdieping

Gemeentes worstel dikwels oor die vraag na vernuwing. Elke gemeente het gewoonlik 'n klompie vroeëre innoveerders wat verandering in die gemeente wil aanbring, en aan die teenpool dié wat bitter selde verandering wil hê en dit met mag en mening teenstaan. Dit laat die meningsvormers in 'n gemeente met spanning en uiteraard met groot verantwoordelikheid oor wat gedoen moet word en of daar enigsins iets gedoen moet word.

Die skrywer JW Carroll gebruik in *Mainline to the future. Congregations for the 21st Century* (2000, Louisville, Kentucky: Westminster, John Knox Press) twee beelde om hierdie spanning te beskryf, naamlik 'n klooster as verteenwoordiger van een pool, en 'n Spaanse herberg as die teenpool. By die klooster word die inwoners elke oggend gedwing om 'n hardgekookte eier te sluk. Die Spaanse herberg, daarenteen, is 'n plek waar jy alles kan kry as jy net weet hoe om te vra. Die Spaanse herberg verteenwoordig dan iets van Schleiermacher se teologiese uitgangspunte, en die hardgekookte eier dié van Karl Barth.

In wese dui die twee beelde die verskil aan tussen vernuwing en verdieping. Verdieping sluit noodwending vernuwing in, terwyl vernuwing aangebring kan word sonder dat verdieping plaasvind. Vernuwing wat onoordeelkundig gedryf word, loop die gevaar om eerder vervlakking teweeg te bring. In sy uiterste vorm kan verandering gedryf word deur 'n klompie nuwigheidsjagters in die gemeente, wat ernstige konflik tot gevolg kan hê. Daarenteen kan verdieping as 'n verskoning voorgehou word om alle vorme van vernuwing af te weer. In sy uiterste vorm kan dit weer lei tot verval in 'n strakke letargie.

Baie van die posttradisionele kerke (ontluikende kerke) openbaar die Spaanseherbergmentaliteit waar primêr gefokus word op die behoeftes van die mense en waar gebruike, simbole, liedere en musiek uit die tradisionele oord totaal genegeer word. Alles geskied in die naam van soekervriendelike dienste waar die besoeker alles kan kry as hy of sy net reg vra. Die evangelie word ingespan om mense te laat goed voel, te vermaak, om selektief te verkondig of net te *krap waar dit jeuk*.

Die hardgekookte eier dra die betekenismoontlikheid van noodsaaklike voeding waar al die essensiële voedingstowwe ingeneem word. Dit is waar mense met die volledige evangelie gekonfronteer word, en hulle opgeroep word tot werklike gehoorsaamheid, terwyl die koste van dissipelskap eerlik voorgehou word. Dit herinner aan Jesus se woorde in Matteus 16: 24: *As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg.*

Alles in ag genome, is daar tog ruimte vir 'n gesonde kompromie tussen die Spaanse herberg en die hardgekookte eier manier van doen. Sonder om in onverantwoordelike vervlakking te verval, kan iets van die Spaanseherbergbenadering 'n vrugbare bedding bied vir gebalanseerde en verantwoordbare verkondiging. Die volgende kan as kompromis gestel word. Gee die mense op 'n verantwoordbare en deurdagte manier wat hulle dink hulle nodig het, terwyl hulle terselfdertyd inkry wat hulle nie besef hulle nodig het nie. Natuurlik verteenwoordig hierdie kompromis gesonde spanning sodat daar nie 'n skeeftrekking plaasvind nie. Dit is soos om op die stoep van die Spaanse herberg 'n tafel te dek en seker te maak die belangrikste deel van die spyskaart is steeds die hardgekookte eier.

Dr André Ungerer

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep ontvang

- **Ds Marthinus van Staden** van Gaborone na Montana

Beroep aanvaar

- **Ds Eddie Eckard** van Koster na Messina/Van Warmelo

Beroep bedank

- **Ds Petrus Harmzen** van Hartbeesfontein/Gerdau na Vryburg

Vakante standplase

- **Gemeente Eendracht**, in die ring van Trichardtsfontein, beskik oor 'n vakante **volsorgstandplaas**. Die gemeente bestaan uit 266 belydende lidmate, met baie jongmense. Eendracht is 'n tipiese plattelandse gemeente in 'n sterk boerderygemeenskap. Die dorp is 110 km vanaf Pretoria en 25 km vanaf Secunda. Goeie skole is gerieflik beskikbaar. Predikante wat sou belangstel om 'n beroep na die gemeente te aanvaar, kan 'n CV stuur na die konsulent, dr Robert Jones, by **rjjones@nhk.co.za** (083 300 1764), die voorsitter van die ouderlingevergadering, oudl Johan Barnard, by **barnardj@secunda.co.za** (082 945 7563), of die skriba, Annatjie van Vuuren, by **annatjie@biowaymulti.co.za** (083 407 6474). Die sperdatum is **28 Februarie 2011**. Die kerkraad kan kandidate van hul keuse nooi vir 'n onderhoud en preekgeleentheid, en behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Jan Wilson** van Gemeente Klerksdorp-Suid **se moeder** is die afgelope week oorlede. Sy was 82 jaar oud. Hy sal self die begrafnisdiens waarneem op Vrydag 25 Februarie om 12:00 vanuit sy kerkgebou. Hy het onlangs ook sy vrou en sy vader aan die dood afgestaan en almal se begrafnisdienste self hanteer. Ons innige simpatie gaan aan ds Jan en die familie.

- **Emerituspredikant ds Piet (PS) van Staden** en sy vrou Marthina is op Maandagaand 21 Februarie op hul plaas naby Witrivier aangeval. Hulle is vasgebind en hardhandig behandel, maar het die aanval oorleef. Hulle is lidmate van Gemeente Witrivier. Ons bid die egpaar spoedige herstel toe. Die plaaslike predikant, ds Pieter Smith, sê dat dit die tweede aanval in die omgewing is. Die eerste aanval was op voormalige lidmate van die gemeente, en met hulle het dit veel slegter gegaan.

- **Ds Paula Eksteen-Erasmus** van Gemeente Midrand, haar man Albert en twee vriende is Saterdagaand aangeval waar hulle gesellig verkeer het by 'n braaivleis. Hulle is vasgebind, hardhandig behandel en beroof, ook van hul kredietkaarte. Ons bid hulle sterkte toe.

- In opdrag van die Algemene Kerkvergadering (AKV), finaliseer die Kommissie van die AKV by sy vergadering in Maart 'n **versoek aan die owerheid** om geweld en misdaad met groter erns te bestry.

- **Ds Leslie en Rita Kern se babaseun** is op 10 Februarie gebore. Baie geluk! Nou wag ons net vir die doopfoto.

- **Ds Susan Oosthuizen** se **selfoonnommer** in die *Almanak* (bladsy 167) is verkeerd. Die korrekte nommer is 082 629 9851. Ds Oosthuizen is beroepafwagtend.

- **Die volgende predikante verjaar van 24 Februarie tot 4 Maart**, en word hartlik geluk gewens.

  - Donderdag 24 Februarie: Ds Jan Prinsloo (emeritus) en dr André Ungerer (Klerksdorp-Doringkruin)
  - Vrydag 25 Februarie: Ds Hennie Aucamp (emeritus)
  - Saterdag 26 Februarie: Dr Jonanda Groenewald (buiteland) en ds Monja-Lize van Belkum (beroepafwagtend)

- Sondag 27 Februarie: Ds Klaas Koning (emeritus)
- Maandag 28 Februarie: Di Anneline Geyer-Matthysen (Kempton Park-Oos) en Herman Meyer (Jeffreysbaai)
- Dinsdag 1 Maart: Ds Chantel Francis (Onverwacht)
- Woensdag 2 Maart: Di Johan Delport (Wapadrant) en Etienne Fourie (Kempten)
- Donderdag 3 Maart: Ds Faan Visser (siekte-emeritaat)
- Vrydag 4 Maart: Di Johann Mouton (Ventersdorp) en Johan Smit (emeritus)

- **Prof Bieks Beukes** skryf dat die Kommissie van die AKV toestemming verleen het dat **Gemeente Durban-Suid** by al die gemeentes van die Kerk mag kollekteer vir die restourasie van hul kerkgebou. *Ons is diep dankbaar. In ons harte was daar egter baie vrae. Gaan gemeentes op ons versoek reageer? Dink baie gemeentes nie dat klein gemeentetjies nie bestaansreg het nie en maar tot niet moet gaan? Groot was ons verbasing. Nouliks is ons versoek gerig of die eerste gemeente het gereageer. Een van die kleinste gemeentes van ons Kerk reageer en stuur vir ons R2 000. Baie dankie. Julle gee vir ons hoop. Ons glo jul voorbeeld gaan baie gemeentes motiveer om ons te help sodat ons in die toekoms steeds 'n plek sal hê, waar ons op 'n besondere wyse met die Here in ontmoeting kan tree en toegerus word om ook uit te reik na hulle wat nie deel van die Kerk is nie. Ons glo die Here gaan sy kerk weer hier laat groei.*

- Die Kommissie van die AKV sal by sy vergadering op 10 en 11 Maart die aansoek van **Gemeente Rooihuiskraal** om die opheffing van sy tweede standplaas behandel. Ds Jaco Vogel is tans die predikant van die gemeente.

- Die Kommissie van die AKV sal ook die opheffing van deeltydse standplase by gemeentes **Middelburg-Noord, Weltevreden en Brackenhurst** behandel. Die aansoeke om wysiging van standplase van gemeentes **Harrismith en Orkney** sal ook aandag geniet. Verder dien die aansoeke van gemeentes **Christiana, Koedoesrand, Pretoria-Wes en Westonaria** om uitstel van beroepswerksaamhede ook voor die Kommissie. Die nuwe bedieningsplanne vir die kombinasies **Kroonstad/Virginia en Hennenman/Odendaalsrus** sal ook hanteer word.

- Aansoeke word ingewag vir die pos van **Sekretaris van die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering** (ADV). Die persoon is gesetel by die Sinodale Kantoor van die Hervormde Kerk in Pretoria. Die suksesvolle kandidaat sal oor die volgende vaardighede beskik:

  - Meelewende lidmaat van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
  - Teologiese begronding of agtergrond van die etos van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.
  - Ongeveer 5 jaar werkservaring.
  - Geldige rybewys.
  - Moet bereid wees om soms weg te werk, byvoorbeeld vir seminare, kongresse en vergaderings.
  - Moet ten volle tweetalig wees.
  - Moet met regeringsinstansies kan onderhandel.
  - Rekenaarvaardigheid in Microsoft Office.
  - Bewese bestuursvaardighede.

  'n Mededingende salarispakket word aangebied.

  Stuur asseblief 'n verkorte CV **voor 28 Februarie** aan Piet Beukes by **piet@nhk.co.za**, of aan Susan Moore by **mannekrag@nhk.co.za**, of faks dit na 012 322 7909.

- Gemeentes word vriendelik versoek om enige **trustgelde vir Bybelverspreiding** wat tans in die gemeenterekening lê, **voor die einde van die huidige finansiële jaar** van die Kerk (28 Februarie 2011) aan die Bybelgenootskap oor te betaal en dit nie te laat oorstaan tot Oktober nie. Dit sal die Bybelgenootskap help om 'n gesonde kontantvloei te handhaaf. Gemeentes wat dit nog nie gedoen het nie, word ook versoek om die **deurkollektes van Hervormingsondag** (31 Oktober 2010) teen 28 Februarie oor te betaal. Alle gemeentes word daaraan herinner dat die **bydraemikpunt vir 2011** R35 per belydende lidmaat is.

- Die **SENTIK-boekwinkel** sal Maandag 28 Februarie van 12:00 af en Dinsdag 1 Maart die hele dag **gesluit wees** vir voorraadopname. Gemeentes moet asseblief kennis neem dat geen besoekers gehelp en geen telefoniese of ander navrae dan beantwoord sal kan word nie. U kan mev Susann van Zyl weer vanaf Woensdag 2 Maart kontak by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za**.

- Lede van die Kommissie van die AKV sal vanjaar weer ringsvergaderings bywoon. Die **ringsvergaderings** vind soos volg plaas:

  - **Bloemfontein**, te Dordrecht: 13 en 14 Mei
  - **Bothaville**, te Goudveld: 28 Mei
  - **Brakpan**, te Brakpan-Harmonie: 22 Mei
  - **Bronkhorstspruit**, te Ogies: 6 Junie
  - **Chrissiesmeer**, te Carolina: 7 Junie

- **Dorsland**, te Gobabis: 10 en 11 Junie
- **Germiston**, te Germiston: 15 Mei
- **Heidelberg**, te Volksrust: 14 Mei
- **Heilbron**, te Heilbron: 11 Junie
- **Johannesburg**, te Johannesburg-Suid: 28 Mei
- **Klerksdorp**, te Klerksdorp-Wilkoppies: 22 Mei
- **Krokodilrivier**, te Northam: 9 Mei
- **Krugersdorp**, te Tarlton: 8 en 9 Mei
- **Laeveld**, te Phalaborwa: 16 Julie
- **Losberg**, te Sionspoort: 11 Junie
- **Lydenburg**, te Nelspruit: 10 Junie
- **Maquassi**, te Wolmaransstad: 7 Junie
- **Middelburg**, te Roossenekal: 7 Junie
- **Noordelike Natal**, te Glencoe: 7 Mei
- **Noordelike Pretoria**, te Pierneef: 3 en 4 Junie
- **Noord-Kaapland**, te Vaalharts: 7 Mei
- **Oos-Kaapland**, te Port Elizabeth: 14 Mei
- **Pietermaritzburg**, te Durban-Suid: 14 Mei
- **Potchefstroom**, te Potchefstroom Die Wilge: 8 tot 10 Mei
- **Potgietersrus**, te Piet Potgieter: 7 Mei
- **Pretoria**, te Wapadrant: 15 tot 17 Mei
- **Pretoria-Noord**, te Witfontein: 5 Junie
- **Pretoria-Wes**, te Verwoerdburg: 8 tot 10 Mei
- **Roodepoort**, te Culembeeck: 19 Junie
- **Rustenburg**, te Rustenburg-Suid: 15 en 16 Mei
- **Swellendam**, te Swellendam: 7 Mei
- **Trichardtsfontein**, te Eendracht: 29 Mei
- **Vereeniging**, te Drie Riviere-Oos: 14 Mei
- **Waterberg**, te Rust der Winter: 8 Junie
- **Wes-Kaapland**, te Paarl: 28 Mei
- **Zeerust**, te Groot Marico: 21 Mei
- **Zoutpansberg**, te Pietersburg: 14 Junie
- **Zuurfontein**, te Edenvale: 14 Mei

- **Preekbeurte in Dullstroom.** Predikante kan nog **tot April** vanjaar by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die verblyf is vir die predikant en sy/haar gade en ’n voorskoolse kind. Vir ander kinders moet self betaal word. Kontak Johanna by **nhkdullstroom@yahoo.com** of 072 116 3353.

- **Gemeente Wonderboompoort** beskik oor **studenteblyplek in Eloffsdal**, Pretoria. Kamers met gesamentlike badkamer teen R900 per persoon wat deel, R1 500 per enkeling. Kamers met en suite badkamer en stoorkamer teen R1 200 per persoon wat deel, R2 000 per enkeling. Water en ligte en veilige parkering is ingesluit. Dit is op ’n busroete, 5 km vanaf Kerkplein, 2 km van die Eugene Marais-hospitaal, naby die universiteite. Kontak Johan by 082 212 2137.

- In die voetspore van die eerste Christene: **Toer na Egipte en Turkye** van **18 April tot 2 Mei 2011** onder leiding van **ds Martin Slabbert**. Besoek die webwerf by **www.indievoetspore.co.za**, of kontak ds Slabbert by 082 655 4787.

- **Toer na Griekeland (hoofland) en Turkye** en geniet ’n 3-dae-bootvaart na die Griekse eilande. Van **28 Junie tot 12 Julie 2011**. ’n Demo-film sal van die reis gemaak word vir ’n moontlike televisiereeks. Kontak **ds Larry van der Walt** by 082 666 0261 of **larry@newtestament.co.za**. Besprekings moet verkieslik voor die einde van Februarie gedoen word.

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Rooihuiskraal** hou op **Sondag 6 Maart** om 09:00 ’n **sangdiens** waartydens Rudi Muller as kunstenaar optree. Rudi stel sy nuwe album *Deurbraak* bekend. Die tema van die sangdiens is *Sy Naam is Jesus*, wat aansluit by die lied met dieselfde titel. Almal is welkom om die diens by te woon. Skakel ds Jaco Vogel by 082 788 4877.

- Op **Sondag 13 Maart** bring **ds Jan-Harm Barkhuizen** van die Werkgroep vir Gestremdes ’n besoek aan **Gemeente Sasolburg**. ’n **Erediens in gebaretaal** word aangebied met visuele hulpmiddels (gebare en ’n DVD van die Liedboek). Kontak Bernette van Straaten by 016 976 4903 of 082 445 6732. Die erediens begin om 09:00. Ds Barkhuizen is predikant in Gemeente Weskus, en kan gekontak word by 073 217 6929 of **harm@nhk.co.za**.

- Die naweek van **15 tot 17 April** vier **Gemeente Volksrust** sy **150ste bestaansjaar**. **Vrydag 15 April:** Feesbasaar. **Saterdag 16 April:** Voorbereidingsdiens en formele ete. **Sondag 17 April:** Nagmaaldiens, Dankseggingsdiens en

vingerete. Oudlidmate en vorige ampsdraers kan dokumente, foto's en staaltjies aan die gemeente stuur. Kontak **ds Paul Buitendag** by **buitendagp@telkomsa.net** of 082 853 8900.

- **Gemeente Germiston** vier die naweek van **27 tot 29 Mei** sy **eeufees**. Die Kommissie van die AKV sal by die geleentheid groete en gelukwense oordra. Alle voormalige lidmate word genooi om die feesvieringe by te woon.

Konserte

- **Saterdag 12 Maart om 19:00: Gemeente Johannesburg-Wes Orreluitvoering**
  Op 3-manuaal Ganser-orrel met 1 400 sprekende pype
  Orrelis Marten van Wyk en soliste
  R50 vir volwassenes, kinders onder 10 gratis
  Kerkgebou naby Westdene-dam, in Tenbystraat, agter stadion van UJ
  Verversings na die uitvoering
  Skakel Paul Bester by 083 241 5002

- **Saterdag 19 Maart om 13:00: Gemeente Noordrand**
  Gasspreker en kunstenaar Susan Coetzer en Philip Moolman
  Tema: *Soetgoed vir die gesin*
  Kaartjies R70 per persoon (sluit verversings in)
  Kontak Anette Coetzee van die NHSV by 084 500 3989

- **Woensdag 30 Maart om 19:00: Gemeente Klerksdorp**
  Luister na Juanita du Plessis in die Ouditorium
  Kaartjies R90 per persoon
  Bespreek by Music Addiction in Flamwood Walk (018 464 2280)

- **Vrydag 16 September: Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies**
  Kurt Darren
  Vanaf 19:00 by die rugbyveld van Wesvalia-skool
  Eerste 250 kaartjies naby verhoog R100 elk; res R80 elk
  Kaartjies by Maranata-grasdakke, Vleistraat 50
  Kontak 018 468 3769 of 083 449 9907, of George Foley by 083 750 0699

Sportbyeenkomste

- **Saterdag 19 Maart: Gemeente Mafeking Gholfdag**
  Leopard Park-gholfklub
  Neem deel en wen 'n prys
  Borge welkom
  Kontak Pokkels Ackerman by 082 555 0683 of **sheriffmolopo@hotmail.com**

- **Saterdag 28 Mei: Gemeente Derdepoort Gholfdag**
  Mooipoort
  American Scramble 4 x 2-bal
  Spelers en borge welkom
  Kry meer inligting by **mej@mweb.co.za**

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Alberton-Wes: Bome te koop**
  Koorsbome, soetdoringbome en vaderlandswilgers teen R100 per boom
  Reeds ongeveer 2-3 meter hoog
  Kontak ds William Harmse by 082 493 6715

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Wen 'n boerdery**
  Gemeentes koop pakket(te) teen R5 000 elk (50 boekies met 11 kaartjies)
  Verkoop kaartjies teen R100 stuk en samel R50 000 in
  Groot pryse te wen
  Sluitingsdatum **4 April**, trekking **8 Mei**
  Kontak Barry of Martie Pretorius by 018 431 0331 of 082 572 2124
  of Piet of Babsie Ferreira by 018 431 0685
  of ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

- **Gemeente Rustenburg: Wynveiling Vrydag 4 Maart om 18:30**
  In kerksaal
  Kaartjies beskikbaar teen R100 per persoon of R1 000 per tafel, verversings ingesluit
  Kontak Mari Wieneke gedurende die oggend by 084 208 7445

Basaars en markte

- **Saterdag 30 April: Gemeente Greylingstad: Basaar**
  Klein plaasgemeenskap met vleis as groot aantrekkingskrag
  Kontak Casper Pieters by 082 493 9872

- **Saterdag 7 Mei: Gemeente Delareyville: Genl Delareyfees**
  Goewermentstraat 31, Delareyville
  Met Bobby van Jaarsveld
  Toegang gratis
  Kompetisie R100 per kaartjie
  Wen bul en 10 topverse; of 5 topverse; of bootvaart na Portugese Eilande
  Kontak Ben van der Ryst by 082 372 7035 of Attie Hattingh by 082 770 6862

- **Saterdag 28 Mei vanaf 08:00: Gemeente Schoemansdal: Bosveldbasaar**
  Hoofkunstenaars Jay van Eden en Steve Hofmeyr
  Gratis vertoning, meer as genoeg kos
  Kontak 012 253 0146 (08:00 tot 13:00) of 083 536 1430

- **Saterdag 4 Junie vanaf 09:00: Gemeente Kathu: Kameeldoring-karnaval**
  Met Kurt Darren
  Kompetisie R100 per kaartjie
  1ste prys: 7-voet Venter-waentjie
  2de prys: Dubbeldeur yskas-vrieskas-kombinasie
  3de prys: Patio-gasbraaier
  4de prys: Sony Playstation 3
  5de prys: Potspeltafel
  Kontak Rita Kern by 083 328 4465, Buna Schmulling by 082 463 8367
  of ds Joseph Steÿn by 084 502 4829

ANDER NUUS

- **Karin du Toit** van die **Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO)** verlaat ons aan die einde van Februarie vir nuwe uitdagings in die korporatiewe sektor. Die nuwe kontakpersoon by TOIBO met ingang van 1 Maart is mev Arina Jooste. Arina was van 1999 en 2006 uitvoerende beampte van TOIBO.

- **Die Ondersteuningsraad** beskik tans oor die volgende **vakante poste**:
  - Programbestuurder (Toesighouer) Ekurhuleni-streek: Minstens 6 jaar ervaring as Maatskaplike Werker
  - Maatskaplike Werkers: Pretoria en Witbank
  - Sekretariële personeel: Kempton Park (deeltyds); Pretoria (voldag)
  - Sekretariële beampte: Pretoria (voldag). Vir hierdie pos is die vereistes rekenaarvaardigheid; basiese boekhouvaardighede; minstens graad 12; goeie administratiewe vaardighede; goeie menseverhoudings. Die salaris sal volgens ondervinding bepaal word.

  CV's kan gestuur word na **oraad@nhk.co.za** of per faks na 012 322 5787. Die **sluitingsdatum** is **28 Februarie**.

- **'n Rousmartseminaar** met ds Braam Klopper as gasspreker vind plaas op **Saterdag 5 Maart** van 08:30 tot 12:30 by Eat@Essence Restaurant, Spesbonastraat 616, Moreletapark, Pretoria. Die koste is R20 per persoon. Onderwerpe wat behandel sal word, is: Hoe hanteer ek spesiale dae soos Kersfees as ek *stukkend* is van rou? Die fisiese impak van rou. Mans en vroue rou verskillend. Troosclichés. Nuwe prioriteite. Rou ná selfmoord. Dood van 'n kind. Stilgeboorte/ miskraam. Bespreek by Sonja Smith Begrafnisgroep (Edms) Bpk **vóór of op Maandag 28 Februarie**. Die kontakpersoon is Sonja Smith, 012 654 9902 of 079 895 4414.

- Die **volgende vergaderings** vind tot 4 Maart plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.
  - Donderdag 24 Februarie: Werkswinkel van die Ondersteuningsraad; Bestuursvergadering van Ons Tuis
  - Vrydag 25 Februarie: Raad van Finansies
  - Dinsdag 1 Maart: Toerustingsprogram vir Bejaardes

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (uiters 100 woorde) stuur aan **produksie@nhk.co.za**. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad by **www.nhk.co.za** gestuur word. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

“Graag stem ek volmondig met ds Thomas Joubert saam oor die voorreg en verantwoordelikheid wat ’n predikant met huisbesoek het. Om met ’n oop deur en geleentheid die Woord in iemand se sitkamer te mag geniet, is baie ander persone nie beskore nie.”

Ds Tony Simpson (Emeritus)

“Dit was met vreugde dat ek die artikel van ds Joubert in die *e-Hervormer* van 17 Februarie gelees het. Baie dankie daarvoor! Huisbesoek is steeds een van die maniere waarop die Woord verkondig word. Dit moet sinvol en met deernis gedoen word, dan is dit net GOED. Ons dominees moet ook die vertroue van lidmate wen voordat hulle sal praat. En onthou dat wat gesê word, altyd vertroulik is.”

Ds Dirk Stoltz (Emeritus)

“Dankie, ds Thomas Joubert. Ek wonder of predikante wat nie huisbesoek doen nie of selfs dié wat net die afmerk op die pliglysie besoek, besef wat hulle werklik mis. Daardie geleentheid tussen leraar en lidmaat met die besef: *Ek is dienaar van die Here.* Nie die ouderling, diaken of ondersteuningsgroep kan daardie plek inneem nie. Mag dit met jou goed gaan, Dominee.”

Christiaan Bloem, Meyerton

“Baie dankie, Dominee. Dit is verblydend dat daar nog van ’n predikant se kant af so ’n positiewe benadering ten opsigte van huisbesoek is. Maar ek glo tog dat die ouderling net so ’n groot verantwoordelikheid het om huisbesoek te doen. Predikante is ook nie altyd beskikbaar (of bereid!) om soos in die ou tyd een maal per jaar sy rondte te doen nie. Ouderlinge moet tog ook nie hul taak versaak nie, mense het ’n behoefte aan huisbesoek. Dan is daar natuurlik die lidmate wat nooit ’n voet in die kerk sit nie – ook hulle is vatbaar vir die Woord!”

Danie le Roux, Vaalpark

ADVERTENSIES

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente uitgebreide inligting oor ’n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

THINUS VAN STADEN: GRATIS OPTREDES BY GEMEENTES
10 gratis vertonings, vir die eerste 10 gemeentes wat bespreek voor Maart 2011
Hiermee sê hy dankie vir die ondersteuning in 2010!
Slegs reiskoste en verblyf (indien ver buite Pretoria) word verlang
Om te bespreek, skakel 084 589 7035

SONJA SMITH BEGRAFNISGROEP
’n Sagte hand in die seerste tyd...
079 895 4414
www.sonjasmith-funerals.co.za

Pas my skape op

Die Maart 2011-uitgawe van *Die Hervormer* word nou aan gemeentes gepos.

In hierdie uitgawe word die herderlike skrywe van die Kommissie van die AKV volledig opgeneem. In sy redaksionele berig skryf dr Gerhard Lindeque dat ons almal die verantwoordelikheid het om God se kudde op te pas. Daarom word vertrou dat die herderlike skrywe 'n mate van rustigheid sal bring.

Lees ook die artikel van ds Willem Sauer oor die stryd van die Christene in Soedan, en die verduideliking van ds Colin Hertzog waarom ons Kerk nie voortdurend uitsprake maak oor duiweluitdrywing nie. Die Kerk sal volhou met die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus.

Daar word ook verslag gedoen oor die blye geleenthede toe prof Ben Engelbrecht en prof Bart Oberholzer 60 jaar in die amp van predikant gedenk het.

*** Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za** om vir 2011 in te teken en 11 uitgawes vir R90 te ontvang. Besoek **www.hervormer.co.za** en lees wat in uitgawes sedert Januarie/Februarie 2008 verskyn het.

Daar is ook 'n volledige weergawe (met foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar,
wat vandeesweek 662 kilogrepe groot is. Vind dié volledige weergawe by
www.hervormer.co.za, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Fakulteit Teologie

Kantoor van die Dekaan

SENTRUM VIR SENTRUM VIR KONTEKSTUELE BEDIENING

DIREKTEUR (KONTRAK AANSTELLING)

Die Universiteit van Pretoria se verbintenis tot kwaliteit maak ons een van die top navorsingsuniversiteite in die land en gee ons 'n mededingende voordeel in internasionale wetenskap- en tegnologie-ontwikkeling.

In die nastrewing van die ideale van uitnemendheid en diversiteit, word aansoeke vir die volgende pos ingewag.

Die pos word adverteer en gevul in gevolge 'n besluit van die Advieskomitee, wat namens die Universiteit van Pretoria die Sentrum bestuur. Dit sal van die suksesvolle kandidaat verwag word om saam met die huidige direkteur tot die einde van 2011 te werk, waarna hy of sy volle verantwoordelikheid aanvaar.

PLIGTE:

Die bekleër se primêre verantwoordelikhede sluit die volgende in (maar is nie beperk nie tot):

- Doseerverpligtinge op voorgraadse en nagraadse vlak;
- Die nakom van navorsingsverpligtinge en -take soos deur die Fakulteit Teologie neergelê;
- Betrokkenheid by komitees van die Fakulteit Teologie;
- Verantwoordelik vir die bestuur en werksaamhede van die Sentrum.

MINIMUM VEREISTES:

- 'n Toepaslike doktorsgraad in verkieslik Praktiese Teologie
- Bewese passie vir en belangstelling in die voortgesette en lewenslange leer van Christelike Leiers
- Bewese ervaring in ekumeniese verhoudings
- Bewese ervaring in bestuur, administrasie en fondswerwing
- Bewese ervaring van die Suid Afrikaanse konteks
- Onderrig ervaring

Die jaarlikse vergoeddingspakket vir hierdie pos sal in ooreenstemming met die suksesvolle kandidaat se kwalifikasie- en ervaringsvlak wees.
Aansoekers word versoek om elektronies aansoek te doen met vermelding van die toepaslike verwysingsnommer.

Aansoekers van hierdie pos, heg asseblief aan:

- 'n Omvattende CV (in die pro-forma van die Universiteit);
- Gesertifiseerde afskrifte van kwalifikasies;
- Die name en kontakbesonderhede (e-pos en telefoonbesonderhede) van 3 kontakbare referente;
- Die name en kontakbesonderhede van eweknie beoordelaars (akademie en navorsing);
- Selfevaluering.

SLUITINGSDATUM: 31 Maart 2011

Geen aansoek sal oorweeg word as dit na die sluitingsdatum ontvang word nie, of as dit nie ten minste aan die minimum posvereistes voldoen nie.

Aanvangs van diens: 1 Mei 2011 (of so spoedig moontlik daarna)

Navrae: Prof M Nel - Tel: (012) 420 4951

Indien daar nie teen 15 April 2011 met u in verbinding getree is nie, aanvaar asseblief dat u aansoek onsuksesvol was.

Die Universiteit van Pretoria is verbind tot gelykheid, billike diensbetrekkinge en diversiteit.
Alle kandidate wat aan die aanstellingsvereistes voldoen word uitgenooi om aansoek te doen.

Ooreenkomstig die Gelyke Indiensnemingsplan van die Universiteit en die doelwitte en teikens wat daarin vervat is, mag voorkeur gegee word aan kandidate uit onderverteenwoordigende aangewese groepe maar word nie tot sulke kandidate beperk nie.

Die Universiteit van Pretoria behou die reg voor om nie 'n aanstelling in die pos soos geadverteer te maak nie.